

Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 10

> *Die koning het nie aan die versoek van die volk voldoen nie. (2 Kron 10:15)*

Die noordelike stamme was ongelukkig. Hulle kry swaar, en die koning moet die las ligter maak. Hy moet na sy mense luister

en hulle belange voorop stel. Dis immers wat ’n goeie koning doen – hy regeer om dit vir sy mense ’n goeie land te maak waar hulle kan floreer. Dit was wat Salomo self gebid het in Ps 72:6: “Mag die koning vir sy mense wees soos die reën vir die plante, soos swaar reëns wat die aarde deurdrenk.”
Rehabeam het hiervan niks verstaan nie. Vir hom was die volk sy onderdane met wie hy kon maak soos hy wou. Trouens, hy sou dit selfs beter as sy pa doen en die spreekwoordelike bloed uit hulle tap vir persoonlike verryking. Dit klink nogal bekend in ons huidige konteks, nie waar nie?
Die noodwendige gevolg van Rehabeam en sy vriende se kortsigtigheid was die skeuring van die ryk. Nooit weer sou die glorie van Dawid en Salomo terugkeer nie; dit was vir altyd verlore. Maar God het nie sy mense vergeet nie. ’n Ander Seun van Dawid sou kom, ’n regverdige, nederige Koning (Sag 9:9). Dis op Hom wat ons ons hoop vestig.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026